# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

5 April 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se Erediens Opstanding

### *Kom vier saam die vreugde van die opstanding @ Hoogland*

Mag jy sommer tuis voel in die Hoogland Geloofsfamilie – Hoogland is 'n gemeente met warm harte wat omgee vir mekaar en vir elke besoeker. Kom maak gerus kennis ná die erediens by die Gemeentedienste-dame in die voorportaal (tafel by die hoofingang).

Jy is ook welkom om www.pehoogland.co.za te besoek of Annalize by die kerkkantoor te kontak sodat ons kan kennis maak.
Neem gerus ook 'n *"Nuwe Intrekkers"*-koevert uit die brosjurevakkies.

## Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Sunell Ribbens
GEEN GVG

*Deurkollekte: Buffelsfontein Aftree-Oord*

## Algemeen

### Program vir die week:

Woensdag: 8 April

08:45 B/fontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

Vrydag: 10 April

05:15 Mannebediening

Saterdag: 11 April

10:00 Dorings en Daisies

Sondag: 12 April

09:00 Oggenddiens

10:00 GVG

11:00 Nuwe Lidmate Braai















## Bou - benodigdhede :

**Bring asseblief ietsie saam vir ons boupro-jek op Sondag, 19 April**

*Tamatiesous *Blatjan (mrs Balls Chutney)

*Wit of Bruin Asyn *Wit Rys—Slegs Tastic

*Wit Suiker *Pakkies Springmielies (om te spring)
*Canola Olie *Kaneel *Bakpoeier

* Koekmeel * Roomyshorinkies/ Marshmellows

* Marie beskuitjies/ Tennisbeskuitjies

* Vingerkoekies * Boksies Smarties / Astros

* Klein Bar-one's * Pakkies Jelly babies /

* Jelly beans

* Mayonaise *Botter * Bokse Lasagne velle

* Bokse Melk * Bokse Vla * Pakkies Jelly

* Boksies Kitspoeding* Blikkies kondensmelk

* Blikkies *Ideal* melk / *Caramel*

* Blikkies Ingelegde Vrugte * 125ml Sap

* 330ml Botteltjies Koeldrank

(coke/sprite/fanta/water)

## Hoogland Huwelikskursus

... dink & droom julle oor julle groot dag?

Hoogland nooi graag alle voornemende bruidspare uit wat gedurende 2026 wil trou, na 'n verpligte 4 weke huwelikskursus ter voorbereiding van jul spesiale dag....

**Kies een kursus wat julle sal pas:**
**Kursus 1** - 15 / 22 / 29 April & 6 Mei
**Kursus 2** - 7 / 14 / 21 / 28 Oktober

**Bespreek by Annalize** in die kerkkantoor:
- Skakel - 041-367 1485
- Epos - annalize@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325.

Kursusfooi : R150 per paartjie



Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

## Dankoffers



# Uit die hart … ’n Reis wat aanhou

Ons het hierdie week saam ’n pad gestap. Van ’n stofpad met palmtakke… na ’n tafel waar brood gebreek is… na ’n kruis wat gedra is… tot by ’n graf wat oop was. Tog, as ons mooi kyk, gaan hierdie storie nie oor die mense langs die pad nie. Dit gaan oor Jesus.

Hy is dié Een wat eerste gekom het. Hy is dié Een wat gegee het. Hy is dié Een wat ruimte gemaak het. Hy is dié Een wat gedra het… tot die einde toe. Hy is dié Een wat opgestaan het. Juis daarom het mense se lewens verander. Nie omdat hulle iets besonders gedoen het nie, maar omdat hulle paaie met Jesus gekruis het. Party van hulle se name ken ons nie eens nie en dalk is dit juis die punt, want dit beteken hierdie storie is nie net húlle s’n nie.
Dit is ook óns s’n.

Ons paaie kruis ook met Jesus. Nie omdat ons dit reggekry het nie, maar omdat Hy ons eerste ontmoet het. Daarom is ons nie net toeskouers nie. Ons raak deel van Sy storie. Nie met rolle wat ons moet opmaak of probeer speel nie, maar met ’n roeping. ’n Roeping wat in gewone plekke leef: in ons huise, in ons werk, in ons verhoudings, in die oomblikke wat soms klein en ongesiens voel. Dit word ’n werklikheid wanneer ons ‘gee’, wanneer ons ‘ruimte maak’, wanneer ons ‘saam dra’ en wanneer ons ‘iets sê’.

Dit begin altyd hier: Hy het ons eerste raakgesien. Daarom stap ons nie alleen nie en maak ons lewens saak. Miskien is dit die vraag waarmee ons hierdie Paastyd afsluit: Waar kruis my pad met Jesus en waartoe roep Hy my nou? Die Paas verhaal het nie geëindig nie. Dit leef steeds voort - waar gewone mense Hom ontmoet en saam met Hom leef.

Sunell